geadministreer deur Sanlam

# Aftreefondsadministrasie

**Lid beplande aftreedatum instruksievorm**

Hierdie vorm dien as 'n offisiële opdrag aan Sanlam Werknemervoordele deur 'n lid wat tans in 'n lifestage program belê is en nie op die normale aftreedatum wil aftree nie (soos gespesifiseer in die Fondsreëls). Die lid dien hiermee 'n aansoek in om 'n ander beplande aftreedatum van hulle keuse te kies.

| Lid se persoonlike besonderhede | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Fondsnaam: | | | | | |
| Voorletters en van: | | | | | |
| ID nommer: | | | Geboortedatum: | | |
| Werknemernommer: | | | Lidnommer: | | |
| Telefoonnommer: | | Faksnommer: | | Selfoonnommer: | |
| E-pos adres: | | | | | |

## 1. Hiermee doen ek aansoek om my eie beplande aftreedatum te kies en verklaar soos volg:

- Ek beplan nie om af te tree op my normale aftreedatum (soos per die Fonds se Reëls) nie en kies hiermee my eie beplande aftreedatum.
- Ek verstaan dat my beleggings geskuif sal word om ooreen te stem met die uitstaande tydperk tot my beplande aftreedatum (m.a.w. aantal jare tot en met beplande aftreedatum) en nie my aftreedatum soos huidiglik aangeteken nie.
- Hiermee kies ek my beplande aftreedatum soos op die laaste dag waarin ek ouderdom ☐ bereik.

## 2. Ek aanvaar hiermee die volgende terme en voorwaardes:

- Sanlam Werknemervoordele sal 'n beplande aftreedatum implementeer sodra hulle 'n voltooide aansoekvorm in die voorgeskrewe formaat ontvang het, die versoek geregistreer en aan my bevestig het dat hulle die Beplande Aftreedatum Instruksievorm ontvang het.
- Ek verstaan dat indien die vorm nie ten volle voltooi is of verkeerd ingevul is, die opdrag moontlik nie deur Sanlam Werknemervoordele uitgevoer sal word nie.
- Indien ek nie 'n bewys van ontvangs ontvang het binne 5 dae nie moet ek navraag doen, aangesien die versoek dalk nie ontvang en geprosesseer mag wees nie.
- Navrae in verband met die vordering van die instruksie moet direk aan die administrateur gerig word.

**Ek verklaar hiermee dat:**

1. Ek het finansiële advies ingewin of ek bevestig dat ek 'n goeie begrip van beleggings het en nie die dienste van 'n finansiële adviseur nodig het nie.
2. Ek begryp die risiko's wat die keuse van my beplande aftreeouderdom inhou en ek is tevrede dat my keuse aan my behoeftes voldoen.
3. Ek aanvaar volle verantwoordelikheid vir my keuses en hiermee vrywaar en onderneem ek om nie die Fonds, die Raad van Trustees of Sanlam Werknemervoordele, sy verteenwoordigers, direkteure, beamptes en enige entiteit in die Sanlam-maatskappygroep verantwoordelik te hou vir enige verliese of gebeurlikheid wat kan voortspruit as gevolg van die implementering van my beplande aftreedatum nie.

________________________________________

Lid se handtekening

________________________________________

Naam van FAIS geakkrediteerde finansiële adviseur
(indien toepaslik)

________________________________________

Handtekening van FAIS geakkrediteerde finansiële adviseur
(indien toepaslik)

Geteken te ______________________________ op ______________________________ eejj __________

**Let asseblief daarop:** Indien u hierdie vorm elektronies voltooi het, druk asseblief die vorm en teken dit voordat u dit indien by Sanlam. U kan dit per e-pos stuur na switch.south@sanlam.co.za.

Nuwe vorm

**Vrywaring:**
*Die persoonlike inligting (PI) wat in hierdie vorm aangevra word is verpligtend vir operasionele en administratiewe prosesse, en om aan regulatoriese vereistes te voldoen. Indien die verpligte inligting onvolledig is, is dit moontlik dat u versoek nie verwerk kan word nie. Sanlam Lewensversekering Beperk sal redelike maatreëls tref om te verseker dat die PI wat deur hierdie vorm ingesamel word verantwoordelik verwerk sal word, veilig en vertroulik bewaar sal word, en nie op 'n onbillike wyse op u privaatheid inbreuk sal maak nie. U kan die Sanlam Privaatheidskennisgewing by https://www.sanlam.com/legal/pages/sanlams-privacy-policy.aspx lees. Dit kan ook op versoek aan u gestuur word. U kan u kontakbesonderhede bywerk deur op ons ledeportaal by https://cp.sanlam.co.za te registreer en in te teken, of e-pos te stuur aan SCClientCare@sanlam.co.za of 086 122 3646 te skakel.*